

Die Taal van Geloof Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B155b

Skriflesing uit Rom.10:1-13

Kernvers : 8 – ‘Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig...’

Elke nasie het sy taal en so ook elke bedryf en profesie. Dokters praat hul taal wat ander nie kan verstaan nie bv as daar ‘n paar dokters by die sieke staan en sy kondisie bespreek dan gebruik hulle mediese terme, so ook met advokate en prokureurs, ingenieurs ens. Tieners praat ‘n taal wat mens nie altyd verstaan nie, maar so is daar ook die taal van geloof.

Daar is mense wat uiterlik baie godsdienstig voorkom maar daar is geen krag in hul lewens nie – omdat hulle die geheim van die taal van geloof nooit ontdek het om dit te kan praat nie.

In Romeine 10:9 lees ons dat as jy die Here Jesus met jou mond bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.

Die woord ‘gered’ is ‘n allesomvattende woord wat beteken: jou siel sal gered word, jou liggaam sal genees word, jy sal heel gemaak word, vrygemaak word. Jy sal in elke area van jou lewe redding ontvang uit die mag van die borse.

Mag ons in ons eie harte tot die besef kom dat Jesus werklik die opgestane Here Jesus is en dat Hy dieselfde is vandag en tot in ewigheid! Dat Hy LEWE! God soek manne en vroue om in hierdie krisistye waarin ons leef, om God te glo en op Sy Woord te staan en wat die taal van die geloof kan praat en uitspreek oor situasies soos wat Jesus gedoen het toe Hy vir die duiwel gesê het: ‘ Dit staan geskrywe!’